Die afeglope tyd hoor ek in baie gesprekke die woord *salwing*, dis asof dit die nuwe *"buzz word"* geword het.

Maar wat is salwing en waarom is dit belangrik?

God het elkeen van ons met 'n bepaalde roeping geskape. Salwing en roeping gaan hand aan hand, daarom is dit belangrik dat jy weet wat jou roeping is. Na Jesus se hemelvaart stuur Hy die Heilige Gees wat ons toerus om in ons roeping te kan bedien.

In die Ou Testament is mense en voorwerpe fisies gesalf. Konings en priesters is vir hul spesifieke amp gesalf. Voorwerpe in die tabernakel is ook gesalf en aan God gewy.

As ons na die verhaal van Koning Saul kyk sien ons dat 'n persoon sy salwing in die Ou Testament kon verloor.

In 1 Samuel 10 lees ons van Saul se salwing tot koning. Samuel het olie oor Saul se kop gegooi, hom gesoen en gesê *"Die Here het jou gesalf as leier oor sy besitting."* Samuel stuur daarna vir Saul verder om die donkies van sy pa te gaan kry. Toe hy by Gibea-van-God waar die garnisoen van die Filistyne was kom, het hy 'n groep profete wat met begeleiding van musiekinstrumente profeteer gekry. Die Gees van die Here het oor Saul gekom en het hy soos hulle geprofeteer. Daarna moes hy verder optrek om teen die Fillistyne oorlog te voer. Samuel het ook vir Saul opdrag gegee om na die oorlog Gilgal toe te gaan en sewe dae daar vir hom te wag, sodat hyself offers aan God kon bring.

Nadat Saul se manskappe die Fillistyne verslaan het, het hy gesien dat hulle onrustig raak. Hy besluit toe om self offers aan God te bring en nie vir Samuel te wag soos die opdrag was nie. Toe Samuel by Gilgal aankom en besef wat gebeur het, het hy die volgende vir Saul gesê *"Dit was dwaas van jou! Jy het nie geluister na die bevel van die Here jou God nie. As jy geluister het, sou die Here jou koningskap oor Israel vir altyd bevestig het. Maar nou sal jou koningskap nie voortduur nie, want die Here het reeds 'n man na sy hart gesoek. Die Here het hom alreeds gekies om koning oor sy volk te wees, want jy het nie die bevele van die Here gehoorsaam nie." (1 Sam 13:13,14)*

In die Nuwe Testament is Jesus die groot Gesalfde en is ons daarby ingesluit. In Christus word salwing aan alle gelowiges gegee en vind plaas deur die krag van die Heilige Gees. Met ander woorde die salwing in die Ou Testament brei uit na alle gelowiges, daarom is elke gelowige 'n gesalfde van God.
"U het hulle laat deel in U Koninklike regering en hulle priesters vir ons God gemaak en hulle sal as Konings oor die aarde heers."(Op 5:10)

Daar is twee Griekse woorde vir salwing: Aleipho en Chrico

Aleipho is die algemene soort salwing, olyfolie word gewoonlik hiervoor gebruik. In die Ou Testament beteken dit letterlik om iemand met olie of vet te smeer.

Skrifverwysings:
- Skoonheid *(Ester 2:9-13)*
- Medisinaal *(Jes 1:6)*
- Vreugde en vrolikheid *(Jes 61:3)*
- Genesing *(Jak 5:14,15).*

Chrioo is die simboliese salwing van priesters/konings tot hul funksie of diens
Skrifverwysings:
- Saul se salwing *(1Sam 9:16 en 1 Sam 10:1)*
- Dawid se salwing *(1 Sam16:13)*
- Salomo se salwing *(1 Kron 1:38-39)*
- Respek vir die gesalfde van die Here *(1 Sam 24:6-11)*
- Priesterlike salwing *(Eks 30:22-33, 40:15)*
- Jesus preek in Nasaret en verwys na salwing in Jes 61 *(Luk 4)*
- Toesprake van Petrus waar van Jesus se salwing vertel word *(Hand 4:28)*
- Jesus se unieke salwing in die Nuwe Testament trek die salwing van die priesters en Konings in die Ou Testament saam *(Hand 10:38)*
- As Jesus na Sy kerk kyk sien Hy almal as konings en priesters *(Op 4)*

Daar is vyf sondes teen die Heilige Gees wat ons salwing beïnvloed. Dit is om vir die Heilige Gees te lieg en Hom te weerstaan. Ook om die werking van die Heilige Gees te blus, om Hom te bedroef en te beledig.

Hierdie sondes veroorsaak dat ons salwing nie funksioneer soos God dit bedoel het nie, maar ons verloor dit nie. God se genade is so groot dat as ons, ons sonde bely Hy ons daarvan bevry. Daarom staan ons as losgekooptes deur die bloed van Jesus skoon gewas voor God.

Ter afsluiting onthou, salwing is nie ‘n teken van God se goedkeuring op ons lewens nie. Dit is ‘n teken dat Hy ander se behoeftes raaksien en deur my daardie behoeftes wil aanspreek.

Adri Vermeulen
2007

Teksgedeeltes aangehaal uit die NLV (Nuwe Lewende Vertaling)